

Guiding the leaders of tomorrow

▶ 2026

## Hoërskool Olimpiade voorbereidings studiegids

### Graad 10

# EKONOMIE

**VORIGE VRAESTEL EN MEMO  
RONDE EEN EN TWEE  
2023 \* 2024 \* 2025**



UNIVERSITY  
OF  
JOHANNESBURG

DEPARTMENT OF  
FINANCE AND INVESTMENT  
MANAGEMENT



NELSON MANDELA  
UNIVERSITY



DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY  
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE  
Creative. Distinctive. Impactful.

MILPARK  
EDUCATION



UFS

UNIVERSITY OF THE FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# EXPLORE YOUR FUTURE AT NELSON MANDELA UNIVERSITY



## CHANGE THE WORLD BY APPLYING FOR A QUALIFICATION IN ONE OF THE FOLLOWING STUDY FIELDS:

Accounting • Advertising • Afrikaans • Agricultural Management • Analytical Chemistry • Anthropology • Applied Design • Applied Mathematics • Architectural Technology • Architecture • Art • Auditing • Biochemistry • Biokinetics • Botany • Broadcasting • Building • Business Management • Business Studies • Ceramic Design • Chemistry • Civil Engineering • Clinical Psychology • Computer Science • Communication Networks (IT) • Conservation Biology • Construction Economics • Construction Management • Counselling Psychology • Chemical Process Technology • Development Studies • Dietetics • Economics • Ecology • Education • Electrical Engineering • English • Environmental Health • Environmental Management • Emergency Medical Care (Paramedic) • Fashion • Financial Accounting • Financial Planning • Fine Art • Foundation Phase Teaching • Forestry • French • FET Teaching • Game Ranch Management • Geography • Geology • Graphic Design • History • Hospitality Management • Human Movement Science • Human Resource Management • Human Settlement Development • Industrial Psychology • Industrial Engineering • Information Systems • Information Technology • Inorganic Chemistry • Interior Design • Internal Auditing • Inventory Management • Intermediate Phase Teaching • isiXhosa • Journalism • Language & Literature • Law • Logistics • Management • Marine Biology • Marine Engineering • Marketing • Mathematics • Mechanical Engineering • Mechatronics • Media, Communication & Culture • Microbiology • Music • Medical Laboratory Science • Medicine & Surgery • Nature Conservation • Nursing • Operations Management • Painting • Pharmacy • Philosophy • Physiology • Photography • Physics • Political Studies • Polymer Technology • Psychology • Public Administration • Public Management • Public Relations Management • Quality Management • Quantity Surveying • Radiography (Diagnostic) • Restoration Ecology • Renewable Energy • Sculpture • Senior Phase Teaching • Social Work • Sociology • Software Development • Sport Management • Sport Science • Statistics • Support Services (IT) • Taxation • Textile Design & Technology • Tourism • Transport Economics • User Support Services (IT) • Visual Arts • Wood Technology • Zoology

T 041 504 1111

E [info@mandela.ac.za](mailto:info@mandela.ac.za)

# PROVERTO

## NATIONAL HIGH SCHOOL OLYMPIAD

### ANSWER SHEET

TODAY'S DATE DAY MONTH YEAR GRADE

SCHOOL NAME

LEARNER SURNAME

FIRST NAME INITIALS DATE OF BIRTH Female Male

LEARNER EMAIL (if available)

LEARNER Mobile Number

**SELECT THE SUBJECT/SUBJECTS (Mark a block with a X)**

ACCOUNTING/REKENINGKUNDE  BUSINESS STUDIES/BESIGHEIDSTUDIES  ECONOMICS/EKONOMIE

### ACCOUNTING / REKENINGKUNDE

1 A B C D	6 A B C D	11 A B C D	16 A B C D	21 A B C D	26 A B C D
2 A B C D	7 A B C D	12 A B C D	17 A B C D	22 A B C D	27 A B C D
3 A B C D	8 A B C D	13 A B C D	18 A B C D	23 A B C D	28 A B C D
4 A B C D	9 A B C D	14 A B C D	19 A B C D	24 A B C D	29 A B C D
5 A B C D	10 A B C D	15 A B C D	20 A B C D	25 A B C D	30 A B C D

TOTAL \_\_\_\_/30

### BUSINESS STUDIES / BESIGHEIDSTUDIES

1 A B C D	6 A B C D	11 A B C D	16 A B C D	21 A B C D	26 A B C D
2 A B C D	7 A B C D	12 A B C D	17 A B C D	22 A B C D	27 A B C D
3 A B C D	8 A B C D	13 A B C D	18 A B C D	23 A B C D	28 A B C D
4 A B C D	9 A B C D	14 A B C D	19 A B C D	24 A B C D	29 A B C D
5 A B C D	10 A B C D	15 A B C D	20 A B C D	25 A B C D	30 A B C D

TOTAL \_\_\_\_/30

### ECONOMICS / EKONOMIE

1 A B C D	6 A B C D	11 A B C D	16 A B C D	21 A B C D	26 A B C D
2 A B C D	7 A B C D	12 A B C D	17 A B C D	22 A B C D	27 A B C D
3 A B C D	8 A B C D	13 A B C D	18 A B C D	23 A B C D	28 A B C D
4 A B C D	9 A B C D	14 A B C D	19 A B C D	24 A B C D	29 A B C D
5 A B C D	10 A B C D	15 A B C D	20 A B C D	25 A B C D	30 A B C D

TOTAL \_\_\_\_/30

**INSTRUCTIONS:** Please complete all required information  
Colour a circle completely ● CORRECT MARK  
Erase any faulty marks completely  
Do not fold, tear or damage this form



**EKONOMIE**  
**GRAAD 10**  
**RONDE 1 & 2**

**2025**

**VORIGE VRAESTEL**

# EKONOMIE

**GRAAD 10**

**Olimpiade Vraestel**

**Ronde Een**

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 7 Mei 2025**



## Instruksies

**NB! Lees asseblief die onderstaande instruksies sorgvuldig.**

**Indien die ANTWOORDBLAD nie volledig ingevul word nie sal die antwoordblad ongeldig wees.**

1. NB! Gebruik asseblief n **HB potlood of n swart pen** om die antwoordblad te voltooi.  
Geen gekleurde penne word aanvaar nie.
2. Die ANTWOORDBLAD bestaan uit 3 afdelings. Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie.  
Kies en antwoord die korrekte vak.
3. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D) Slegs een antwoord is korrek.  
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
4. Sterkte!

**BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE**

1. Watter van die volgende definieer **ekonomie** die beste?
  - A Die ontleding van hoe om relatiewe skaarsheid uit te skakel deur tegnologiese innovasie en navorsing.
  - B Die ondersoek na hoe om rykdom vir individue en besighede te maksimeer.
  - C Die studie van hoe om onbepaalde hulpbronne te versprei om aan alle menslike behoeftes en begeertes te voldoen.
  - D Die studie van hoe individue, besighede, regerings en samelewings keuses maak om skaarsheid die hoof te bied.
  
2. Een van die basiese ekonomiese vrae is **vir wie om te produseer**. Watter ekonomiese kwessie word deur hierdie vraag aangespreek?
  - A Die metode van produksie.
  - B Die koste van produksie.
  - C Die toewysing van produksie-uitset.
  - D Die tipe goedere wat geproduseer moet word.
  
3. Watter van die volgende scenario's is hoofsaaklik 'n studie van **makro-ekonomie**?
  - A 'n Studie van hoe 'n verbruiker tussen verskillende handelsmerke van 'n produk besluit.
  - B Ontleed hoe 'n spesifieke maatskappy sy produksiedoeltreffendheid kan maksimeer.
  - C Ondersoek die impak van 'n nasionale belastingbeleid op die land se werkloosheidsyfer.
  - D Bestudeer die uitwerking van 'n prysverhoging op die vraag na 'n spesifieke produk.
  
4. Watter van die volgende definieer **internasionale ekonomie** die beste?
  - A Die studie van hoe lande hul binnelandse nywerhede bestuur, insluitend die finansiële sektor en interne handel.
  - B Die ontleding van ekonomiese aktiwiteite wat slegs een nasie betrek, met die fokus op interne beleid.
  - C Die tak van ekonomie wat die vloei van goedere, dienste en kapitaal oor internasionale grense en die uitwerking van hierdie bewegings op ekonomieë ondersoek.
  - D Die studie van ekonomiese stelsels wat sonder enige regeringsingryping funksioneer.
  
5. Watter van die volgende stellings is 'n voorbeeld van **normatiewe ekonomie**?
  - A 'n Afname in die werkloosheidsyfer lei tot hoër verbruikersbesteding.
  - B Die regering moet beleide implementeer om inkomste-ongelykheid te verminder.
  - C 'n Verhoging in die minimum loon kan lei tot hoër werkloosheid onder laaggeskoolde werkers.
  - D Die inflasiekoers verlede jaar was 3,2%.

6. 'n Navorsers poog om die faktore te verstaan wat gelei het tot ekonomiese groei in verskeie ontwikkelende lande gedurende die 19de en 20ste eeu. Watter metode van data-insameling is die geskikste vir hierdie studie?
- A Ontleding van historiese ekonomiese data.
  - B Maak aannames gebaseer op persoonlike ervarings.
  - C Voer persoonlike onderhoude en versprei vraelyste.
  - D Waarneming van aandelemarkneigings.

### DIE EKONOMIESE PROBLEEM

7. Watter van die volgende stellings illustreer die konsep van **skaarsheid** die beste?
- A Fred is afgetree en het genoeg tyd en geld vir alles wat hy wil hê.
  - B Suid-Afrika het beperkte mediese hulpbronne en moet keuses maak oor hoe om dit toe te ken.
  - C 'n Buitelandse maatskappy kan 'n produk sonder enige koste vervaardig.
  - D België het 'n oorvloed sjokolade en kan onbeperkte sjokoladeprodukte produseer.
8. Watter van die volgende voorbeelde verklaar **relatiewe skaarsheid** die beste?
- A 'n Nie-hernubare hulpbron, soos fossielbrandstowwe raak uitgeput, wat dit onbeskikbaar maak vir toekomstige gebruik.
  - B 'n Land het 'n vaste hoeveelheid bewerkbare grond, wat sy landbouproduksie beperk.
  - C 'n Streek ervaar 'n droogte, wat lei tot 'n tekort aan vars water.
  - D 'n Seldsame mineraal word op slegs 'n paar plekke wêreldwyd aangetref, wat dit moeilik maak om te verkry.
9. Watter van die volgende beskryf die verskil tussen **vrye goedere** en **ekonomiese goedere** die beste?
- A Vrye goedere is volop en het geen geleentheidskoste nie, terwyl ekonomiese goedere skaars is en geleentheidskoste inhou.
  - B Vrye goedere word gratis deur die regering verskaf, terwyl ekonomiese goedere in markte verkoop word.
  - C Vrye goedere is ontasbare dienste, terwyl ekonomiese goedere tasbare produkte is.
  - D Vrye goedere het 'n markprys van nul, terwyl ekonomiese goedere altyd duur is.
10. Sarah oorweeg dit om Sondagoggend by haar deeltydse werk te werk waar sy R120 verdien, of om op 'n staproete te gaan wat haar R20 vir vervoer sal kos. Wat is die geleentheidskoste om op die staproete te gaan?
- A R20
  - B R100
  - C R120
  - D R140

11. Watter van die volgende beskryf die rol van **kapitaal** in die produksieproses?
- A Natuurlike hulpbronne wat deur die omgewing verskaf word.
  - B Menslike inspanning en vaardighede wat in produksie gebruik word.
  - C Mensgemaakte goedere wat gebruik word om ander goedere en dienste te produseer.
  - D Die inisiatief om hulpbronne te kombineer om goedere te produseer.
12. Watter van die volgende beskryf **homogene goedere**?
- A Produkte wat identies is in kwaliteit en kenmerke, wat nie van mekaar onderskei kan word nie.
  - B Goedere wat aansienlik verskil in kwaliteit en kenmerke wat verbruikers in staat stel om tussen hulle te onderskei.
  - C Items wat uniek is en geen soortgelyke plaasvervangers in die mark het nie.
  - D Produkte wat volgens handelsmerk onderskei word, maar dieselfde doel dien.
13. Watter van die volgende items word as 'n semi-duursame verbruikersgoed beskou?
- A Gevriesde groente
  - B Klere
  - C Fiets
  - D Wasgoedseep
14. Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n **merietegoed**?
- A Openbare onderwys.
  - B Privaat onderwys.
  - C Openbare parke.
  - D Vertonings deur 'n bekende kunstenaar.
15. Varswater uit riviere word toenemend gebottel en as drinkwater verkoop. Hoe beïnvloed hierdie praktyk die klassifikasie van varswater vanuit 'n vrye gratis goed perspektief?
- A Varswater bly 'n vrye goed omdat dit natuurlik voorkom en deur die watersiklus aangevul word.
  - B Varswater word 'n openbare goed omdat dit noodsaaklik is vir openbare gesondheid.
  - C Varswater word 'n ekonomiese goed in streke waar dit kommersieel onttrek, behandel en verkoop word.
  - D Varswater se status as 'n vrye goed word nie beïnvloed nie, maar die infrastruktuur wat gebruik word om dit te bottel en te versprei, is 'n ekonomiese goed.

**DIE SIRKELVLOEIMODEL**

16. Die sirkelvloeimodel word gebruik vir die verduideliking van 'n land se \_\_\_\_\_
- A mikro-ekonomie.
  - B makro-ekonomie.
  - C monetêre ekonomie.
  - D ontwikkelingseconomie.
17. Watter stelling verklaar die rol van **firmas** in die sirkelvloei van ekonomiese aktiwiteit die beste?
- A Firmas verskaf arbeid aan huishoudings en ontvang goedere en dienste in ruil daarvoor.
  - B Firmas verskaf goedere en dienste aan huishoudings in ruil vir inkomste.
  - C Firmas ontvang inkomste van huishoudings in ruil vir die verskaffing van produksiefaktore.
  - D Firmas leen geld aan huishoudings en verdien rente.
18. Watter van die volgende stellings verduidelik die verskille tussen 'n **oordragbetaling** en 'n **subsidie**?
- A Oordragbetalings is finansiële hulpmiddels wat aan besighede gegee word om hul produksiekoste te verlaag, terwyl subsidies direkte betalings aan individue is sonder enige uitruil van goedere of dienste.
  - B Oordragbetalings is direkte betalings aan individue sonder enige uitruil van goedere of dienste, terwyl subsidies finansiële hulpmiddels is wat aan besighede gegee word om hul produksiekoste te verlaag.
  - C Beide oordragbetalings en subsidies is vorme van finansiële bystand wat deur regerings verskaf word, maar oordragbetalings is gemik op individue, terwyl subsidies op besighede gemik is.
  - D Oordragbetalings en subsidies is albei ontwerp om spesifieke ekonomiese aktiwiteite te ondersteun deur finansiële bystand aan besighede te verskaf.
19. Watter van die volgende scenario's illustreer 'n **werklike vloei** in die sirkelvloeimodel?
- A 'n Huishouding betaal die elektrisiteitsrekening aan ESKOM.
  - B 'n Maatskappy betaal dividende aan sy aandeelhouers.
  - C Die SAID vorder inkomstebelasting van huishoudings in.
  - D 'n Maatskappy lewer vervaardigde produkte aan kleinhandelaars.

20. Watter van die volgende beskryf die primêre impak van staatsoordragbetalings op huishoudelike verbruik die beste?
- A Oordragbetalings verminder huishoudelike bestebare inkomste, wat lei tot verminderde verbruik.
  - B Oordragbetalings verhoog huishoudelike bestebare inkomste, wat moontlik tot verhoogde verbruik kan lei.
  - C Oordragbetalings het geen effek op huishoudelike bestebare inkomste of verbruikspatrone nie.
  - D Oordragbetalings is lenings wat huishoudings moet terugbetaal, wat lei tot verminderde toekomstige verbruik.
21. Watter van die volgende scenario's demonstreer 'n inspuiting in die sirkelvloei van ekonomiese aktiwiteite?
- A Huishoudings spaar 'n gedeelte van hul inkomste in 'n bank.
  - B Firms belê in nuwe masjinerie.
  - C Huishoudings betaal belasting aan die regering.
  - D Verbruikers koop ingevoerde goedere.
22. Hoe fasiliteer die finansiële sektor ekonomiese aktiwiteite in die sirkelvloeimodel?
- A Deur belasting van huishoudings en firmas in te vorder om openbare dienste te finansier.
  - B Deur 'n meganisme te verskaf vir huishoudings om te spaar en vir firmas om beleggingsfondse te bekom.
  - C Deur goedere en dienste te produseer vir verbruik deur huishoudings.
  - D Deur die pryse van goedere en dienste in die mark te reguleer.

#### KWANTITATIEWE ELEMENTE

23. Watter van die volgende definieer bruto binnelandse produk (BBP)?
- A Die totale markwaarde van alle finale goedere en dienste wat binne 'n spesifieke tydperk binne 'n land se grense geproduseer word.
  - B Die totale markwaarde van alle goedere en dienste wat deur 'n land se burgers in 'n spesifieke tydperk geproduseer word, ongeag waar hulle geleë is.
  - C Die totale markwaarde van alle intermediêre en finale goedere en dienste wat binne 'n land se grense in 'n spesifieke tydperk geproduseer word.
  - D Die totale markwaarde van alle finale goedere en dienste wat in 'n spesifieke tydperk binne 'n land se grense geproduseer word, staatsbesteding uitgesluit.

24. Wat het jy nodig om die nominale BBP uit die reële BBP te bereken?
- A Rentekoers
  - B Wisselkoers
  - C Werkloosheidsyfer
  - D BBP-deflator
25. Watter van die volgende stellings onderskei tussen Bruto Binnelandse Produk (BBP) en Bruto Nasionale Produk (BNP)?
- A BBP sluit die waarde in van alle goedere en dienste wat deur 'n land se inwoners geproduseer word, beide binnelands en in die buiteland, terwyl die BNP slegs dié insluit wat binne die land se grense geproduseer word.
  - B BBP meet die totale markwaarde van alle finale goedere en dienste wat binne 'n land se grense in 'n gegewe tydperk geproduseer word, terwyl BNP die totale markwaarde meet van alle finale goedere en dienste wat deur die inwoners van 'n land geproduseer word, ongeag waar die produksie plaasvind.
  - C BBP is verantwoordelik vir die waarde van goedere en dienste wat binne 'n land se grense geproduseer word, uitgesluit enige ondernemings in buitelandse besit, terwyl die BNP die waarde insluit van goedere en dienste wat deur ondernemings in buitelandse besit in die land geproduseer word.
  - D BBP en BNP is identiese maatstawwe en kan uitruilbaar gebruik word om 'n land se ekonomiese prestasie te bepaal.
26. As 'n Duitse elektroniese maatskappy 'n vervaardigingsaanleg in Brasilië bedryf, hoe word die produksie van hierdie aanleg in ekonomiese terme aangeteken?
- A Dit dra by tot beide Duitsland se BBP en BNP.
  - B Dit dra by tot Brasilië se BBP en Duitsland se BNP.
  - C Dit dra by tot Brasilië se BNP en Duitsland se BBP.
  - D Dit dra slegs by tot Brasilië se BBP.
27. As die BBP in 2023 R1 200 miljard was en dit het tot R1 500 miljard in 2024 gestyg, wat was die verandering in BBP van 2023 tot 2024?
- A +20%
  - B +25%
  - C -20%
  - D -25%

**SAKESIKLUSSE**

28. Watter van die volgende stellings beskryf die deurlopende aard van sakesiklusse die beste?
- A Sakesiklusse volg 'n voorspelbare en gereelde patroon van uitbreiding en inkrimping.
  - B Sakesiklusse bestaan uit ewekansige en onvoorspelbare skommeling in ekonomiese aktiwiteit.
  - C Sakesiklusse word gekenmerk deur periodieke uitbreidings en sametrekkinge, maar die duur en intensiteit van elke fase kan verskil.
  - D Sakesiklusse vind slegs plaas in reaksie op eksterne ekonomiese skokke.
29. Watter van die volgende kenmerke word tipies geassosieer met die herstelfase van die sakesiklus?
- A Vermindering in verbruikersvertroue.
  - B Stygende werkloosheidsyfers.
  - C Toenemende industriële produksie.
  - D Dalende beleggingsbesteding.
30. Watter van die volgende word as 'n primêre oorsaak van sakesiklusse beskou?
- A Seisoenale veranderinge in verbruikersvoorkeure.
  - B Willekeurige skommeling in weerpatrone.
  - C Variasies in totale vraag en aanbod.
  - D Veranderinge in 'n land se geografiese kenmerke.

# EKONOMIE

**GRAAD 10**

## Olimpiade Vraestel Ronde Twee/Finale Ronde

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 30 Julie 2025**

### Instruksies

**NB! Lees asseblief die onderstaande instruksies sorgvuldig.**

**Indien die ANTWOORDBLAD nie volledig ingevul word nie sal die antwoordblad ongeldig wees.**

1. NB! Gebruik asseblief n **HB potlood of n swart pen** om die antwoordblad te voltooi.  
Geen gekleurde penne word aanvaar nie.
2. Die ANTWOORDBLAD bestaan uit 3 afdelings. Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie.  
Kies en antwoord die korrekte vak.
3. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D) Slegs een antwoord is korrek.  
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
4. Sterkte!



## BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE EN PROBLEEM

1. 'n Dorpie het beperkte vrugbare grond, water en arbeid. Die gemeenskap wil gewasse verbou, vee grootmaak en huise bou. Watter van die volgende optredes weerspieël die BESTE hoe die gemeenskap die konsep van geleentheidskoste in besluitneming toepas?
  - A Kweek slegs gewasse om almal te voed, sonder om ander behoeftes in ag te neem.
  - B Verdeel die grond gelykop en gebruik dit vir al drie doeleindes, ongeag die vraag.
  - C Kies om die grond vir gewasse en vee te gebruik en die bou van huise op te offer.
  - D Vra die regering om meer grond vir hul behoeftes te voorsien.
  
2. Die moontlikheid bestaan dat BTW van in 2026 15% tot 16% gaan styg. Watter van die volgende stellings onderskei die mikro-ekonomiese en makro-ekonomiese impak daarvan die akkuraatste?
  - A Mikro: Dit beïnvloed verbruikerskeuses en vraag; Makro: Dit raak slegs die ekonomie aan die aanbodkant.
  - B Mikro: Dit verander BBP; Makro: Dit verander produkpryse.
  - C Mikro: Dit verhoog belasting op individue; Makro: Dit verlaag besigheidswinste.
  - D Mikro: Dit beïnvloed spesifieke goedere; Makro: Dit beïnvloed nasionale verbruik en inflasie.
  
3. Watter van die volgende scenario's illustreer die beste hoe ekonome modelle gebruik om ekonomiese gedrag te verstaan?
  - A 'n Besigheid huur meer personeel gedurende die vakansie om produksie te verhoog.
  - B 'n Ekonoom teken 'n grafiek om die effek van petrolprysveranderinge op vervoerkoste te voorspel.
  - C 'n Wetenskaplike voer 'n laboratoriumeksperiment uit met chemikalieë.
  - D 'n Maatskappy doen 'n opname onder kliënte om vas te stel wat hul gunsteling produk is.
  
4. Tydens 'n onderhoud sê 'n ekonoom dat "die verhoging van die brandstofheffing taxitariewe sal verhoog, wat werkersklaspendelaars die meeste sal raak." Watter tipe ekonomiese stelling is dit?
  - A Normatief, want dit praat oor regverdigheid.
  - B Normatief, want dit noem die werkersklas.
  - C Positief, want dit is 'n toetsbare oorsaak-en-gevolg-aanspraak.
  - D Positief, want dit het nie 'n presiese persentasie toename of getal wat daaraan gekoppel is nie.

5. 'n Maatskappy begin fonteinwater uit 'n voorheen ongerepte bergbron bottel en verkoop dit internasionaal. Wat regverdig die BESTE waarom hierdie water nou as ekonomiese goedere beskou word?
- A Die maatskappy het chemikalieë bygevoeg vir gesondheidsvoordele.
  - B Die water is nou skoner as voorheen.
  - C Die water kan nou in kleinhandelwinkels gevind word.
  - D Menslike arbeid en kapitaal is gebruik om dit te onttrek, te bottel en te verkoop.
6. Die regering kondig gratis openbare Wi-Fi in alle stadsparke aan. Met verloop van tyd raak die netwerk oorlaai, en slegs 'n paar gebruikers baat daarby, terwyl ander sukkel om aan te sluit. Hoe moet openbare Wi-Fi ekonomies herklassifiseer word in hierdie situasie?
- A Dit is steeds 'n gratis goed, want niemand betaal direk nie.
  - B Dit is nou 'n openbare goed omdat die regering dit verskaf.
  - C Dit is 'n algemene hulpbron omdat dit mededingend is in verbruik, maar nie uitsluitbaar is nie.
  - D Dit is 'n klubgoed, want slegs betalende gebruikers baat daarby.
7. Watter van die volgende stellings toon 'n wanbgerip van geleentheidskoste?
- A Die geleentheidskoste van studie is die partytjie wat ek gemis het.
  - B Daar is geen geleentheidskoste as ek kies wat ek geniet nie.
  - C Geleentheidskoste gaan oor wat jy opoffer om iets anders te kry.
  - D Selfs tyd wat spandeer word om niks te doen nie, het 'n geleentheidskoste.
8. 'n Koffiemaatskappy besit 'n plaas, huur werkers om koffiepitte te oes, gebruik masjiene om dit te rooster en word gelei deur 'n bestuurder wat nuwe koffiemengsels innoveer. Watter kombinasie van produksiefaktore pas korrek by elke rol?
- A Plaas = Arbeid, Werkers = Grond, Masjiene = Kapitaal, Bestuurder = Entrepreneurskap.
  - B Plaas = Kapitaal, Werkers = Entrepreneurskap, Masjiene = Grond, Bestuurder = Arbeid.
  - C Plaas = Grond, Werkers = Arbeid, Masjiene = Kapitaal, Bestuurder = Entrepreneurskap.
  - D Plaas = Grond, Werkers = Kapitaal, Masjiene = Arbeid, Bestuurder = Entrepreneurskap.

9. Jy word gevra om 'n beleid te ontwerp om die oorverbruik van nadelige goedere, damp (vaping) onder tieners, te verminder. Watter strategie gebruik beide ekonomiese aansporings en inligtingskorreksie?



Bron: <https://stock.adobe.com/images/line-art-woman-smoke-electronic-cigarette-and-doing-vape-tricks-vector-black-and-white-comics-sketch-style-illustration-vape-nation/116170022>

- A Loods sosiale media-veldtogte wat gesondheidsrisiko's beklemtoon.  
B Verhoog die sondebelasting op vapingprodukte.  
C Kombineer visuele gesondheidswaarskuwings met hoër aksynsbelasting.  
D Verbied die produk heeltemal uit alle kleinhandelwinkels.
10. 'n Student ontvang R500 en kies om konsertkaartjies te koop in plaas daarvan om die geld vir universiteitsuitgawes vir die volgende jaar te spaar. Watter vorm van verbruik is dit en watter ekonomiese beginsel word oortree?
- A Uitgestelde verbruik: dit weerspieël langtermynrasionaliteit.  
B Onmiddellike verbruik: dit weerspieël 'n voorkeur vir huidige nut bo toekomstige nut.  
C Nie-duursame verbruik: dit maksimeer marginale nut.  
D Vertraagde verbruik: dit weerspieël besluitneming oor geleentheidskoste.
11. Watter van die volgende word die beste geklassifiseer as 'n nie-duursame goed wat onmiddellik verbruik word en hoekom?
- A 'n Skooluniform wat daaglik vir 'n jaar gebruik word.  
B 'n Vaste deposito word vir 10 jaar gehou.  
C 'n Tweedehandse handboek wat vir 3 jaar gehou word.  
D Elektrisiteit wat verbruik word om vanaand aandete te kook.

## DIE SIRKELVLOEIDIAGRAM

12. Watter van die volgende situasies sal waarskynlik veroorsaak dat die sirkulêre vloei krimp, met die veronderstelling dat daar geen beleidsingryping is nie?
- A 'n Toename in uitvoere.
  - B 'n Styging in huishoudelike spaargeld sonder 'n ooreenstemmende styging in belegging.
  - C 'n Afname in inkomstebelastingkoerse.
  - D Verhoogde staatsubsidies aan produsente.
13. Watter van die volgende kombinasies verteenwoordig inspuittings in die sirkulêre vloeiagram in 'n oop ekonomie soos Suid-Afrika?
- A Belasting, Spaargeld, Invoer.
  - B Verbruik, Inkomste, Staatsinkomste.
  - C Arbeid, Kapitaal, Entrepreneurskap.
  - D Staatsbesteding, Beleggings, Uitvoere.
14. Waarom weerspieël die oop ekonomie sirkulêre vloei-model Suid-Afrika se ekonomie beter as 'n geslote ekonomie-model?
- A Omdat Suid-Afrika nie invoere deur middel van doeane belas of as 'n regering op internasionale markte bestee nie.
  - B Omdat Suid-Afrika internasionale handel dryf, beleggings ontvang en wisselkoersimpakte in die gesig staar.
  - C Omdat geslote ekonomieë altyd vinniger groei as oop ekonomieë, veral op die vasteland van Afrika.
  - D Omdat huishoudings in Suid-Afrika nie genoeg spaar nie en as sodanig het ons hoër werkloosheidsyfers.
15. 'n Suid-Afrikaanse maatskappy besit 'n myn in Botswana. Winste uit die myn word na Suid-Afrika teruggestuur. Hoe sal dit die BBP en die BNP beïnvloed?
- A Dit verhoog Suid-Afrika se BBP en het geen uitwerking op die BNP nie.
  - B Dit verhoog Suid-Afrika se BNP, maar nie sy BBP nie.
  - C Dit verhoog Botswana se BNP en Suid-Afrika se BBP.
  - D Dit verminder beide BBP en BNP in Suid-Afrika.
16. Watter van die volgende stellings toon 'n wanbegrip van BBP en BNP?
- A BBP is altyd hoër as die BNP in alle lande.
  - B BBP sluit inkomste in wat deur buitelandse ondernemings in die land gegeneer word.
  - C Die BNP kan hoër as die BBP wees as burgers baie geld uit die buiteland verdien.
  - D Beide BBP en BNP sluit onwettige produksie uit.

## SAKESIKLUSSE

17. Werkloosheid daal, verbruikersbesteding styg en inflasie begin toeneem. Op grond van hierdie data is Suid-Afrika heel waarskynlik in watter fase van die sakesiklus?
- A Resessie
  - B Piek
  - C Uitbreiding
  - D Trog
18. Wat sal die mees geskikte fiskale beleid wees indien Suid-Afrika 'n resessie sou betree?
- A Verhoog BTW om staatsinkomste te verhoog.
  - B Verhoog staatsbesteding aan infrastruktuur en maatskaplike toelaes.
  - C Sny staatsbesteding om inflasie te verminder.
  - D Verhoog rentekoerse om geldvoorraad te beheer.
19. Watter kombinasie van leidende aanwysers sal 'n beleidmaker die BESTE help om 'n afswaai in die sakesiklus te voorspel?
- A Stygende BBP, hoë verbruikersvertroue, toenemende kleinhandelverkope.
  - B Hoë belastinginkomste, verhoogde buitelandse beleggings, stygende uitvoere.
  - C Stygende lone, stygende rentekoerse, uitbreiding van krediet.
  - D Dalende aandelemark, dalende nuwe behuisingspermitte, stygende afdankings.
20. Jy is die minister van finansies van 'n land wat 'n hoogtepunt in sy sakesiklus nader. Wat is die doeltreffendste beleidskombinasie om oorstimulasie te voorkom?
- A Verhoog staatsbesteding en verlaag rentekoerse.
  - B Verminder belasting en bied besigheidstoelaes aan.
  - C Verlaag staatsbesteding en verhoog rentekoerse.
  - D Subsidieer uitvoere om momentum te behou.

## DINAMIKA VAN MARKTE

21. 'n Verbruiker koop 'n derde koppie koffie en geniet dit minder as die eerste twee. Watter wet weerspieël dit?
- A Dalende marginale nut, wat beide waarde en prys beïnvloed.
  - B Vraag en aanbod, wat die derde koppie duurder maak.
  - C Toenemende totale nut, wat elke eenheid meer waardevol maak.
  - D Konstante marginale nut, wat beteken dat die prys onveranderd bly.

22. Waarom is water, wat noodsaaklik is vir die lewe, dikwels goedkoper as diamante, wat nie noodsaaklik is nie?
- A Omdat diamante nie mededingend is in verbruik nie.
  - B Omdat water meer marginale nut bied as diamante.
  - C Omdat prys gebaseer is op skaarsheid en marginale nut, nie totale bruikbaarheid nie.
  - D Omdat verbruikers altyd luukse items meer waardeer as noodsaaklikheid.
23. Jou vriendin vertel jou dat sy meer van Bar One's hou as Lunch Bars, en van Aero's meer as van Bar One's, maar dat sy nie kan sê hoeveel meer verkies sy die een bo die ander nie. Watter tipe nutsteorie ondersteun hierdie verbruikerskeusegedrag die beste?
- A Kardinale nut, want ons ken al drie produkte.
  - B Onverskilligheidsanalise, want die verbruiker is irrasioneel.
  - C Ordinale nut, omdat voorkeure gerangskik word sonder om presiese waardes te benodig.
  - D Marginale nutteorie, omdat totale tevredenheid toeneem.
24. 'n Suid-Afrikaanse vrugte-uitvoerder stoor vars geoesde mango's in koelkamers voordat dit teen hoër pryse na die buiteland gestuur word wanneer die vraag die hoogste is. Watter twee tipes nut word die DUIDELIKSTE in hierdie proses geskep?
- A Besit- en pleknut.
  - B Tyd- en pleknut.
  - C Vorm- en tydnut.
  - D Plek- en vormnut.
25. 'n Leerder sê: "Die selfoonbedryf is 'n perfekte voorbeeld van volmaakte mededinging, omdat daar baie verkopers is." Wat is die fout in hierdie redenasie?
- A Daar is nie baie verkopers in die selfoonmark nie.
  - B Pryse word deur die regering beheer.
  - C Verkopers het geen beheer oor produksie nie.
  - D Produkte is hoogs gedifferensieer en handelsmerkgedrewe.
26. Jou vriend voer aan dat hulle meer roomys tydens hul somervakansie op die strand gekoop het, selfs al het die prys dieselfde gebly, dus het die hoeveelheid gevra, toegeneem. Wat is fout met hierdie stelling?
- A Dit verwar die hoeveelheid wat aangebied word met die hoeveelheid wat gevra word.
  - B Dit veronderstel dat vraagkurwes altyd in die somer regs skuif.
  - C Dit gebruik hoeveelheid gevra verkeerd - dit is 'n verandering in aanvraag.
  - D Niks, dit is 'n korrekte interpretasie van vraagteorie.

27. Wat is die mees waarskynlike markreaksie sonder regeringsingryping, as daar 'n tekort (surplus vraag) in die mark vir petrol teen die huidige prys bestaan?
- A Die regering sal produsente subsidieer om ewewig te herstel.
  - B Pryse styg, wat verskaffers aanmoedig om produksie te verhoog en verbruikers om die vraag te verminder.
  - C Verskaffers verlaag die prys om meer vraag aan te moedig.
  - D Die vraag neem verder toe om by die aanbod te pas.
28. Hoe kan 'n regering die surplus vraag in die elektrisiteitsmark effektief regstel sonder om prysbeheer te gebruik?
- A Stel subsidies in om pryse verder te verlaag.
  - B Verminder belasting op ingevoerde solarsisteme om die aanbod te verhoog.
  - C Stel 'n maksimum prys vir elektrisiteit.
  - D Moedig verbruikers aan om snags meer elektrisiteit te gebruik.

#### PRODUKSIEMOONTLIKHEIDSKURWE (PMK)

29. 'n Land beweeg van die vervaardiging van meestal kapitaalgoedere na meestal verbruikersgoedere langs sy produksiemoontlikheidskurwe. Wat verteenwoordig hierdie verskuiwing?
- A 'n Daling in produktiwiteit.
  - B 'n Toename in onderindiensneming.
  - C 'n Verandering in hulpbrontoewysing en geleentheidskoste.
  - D 'n Afname in die grootte van die ekonomie.

#### DIE OPENBARE SEKTOR

30. Wat is die mees waarskynlike onmiddellike effek van die instelling van 'n minimum loon bo die ewewigsloon in 'n mededingende arbeidsmark?
- A Die vraag na arbeid sal toeneem om aan die aanbod te voldoen.
  - B Arbeidsaanbod sal daal weens lae motivering.
  - C Die hoeveelheid arbeid wat gelewer word sal die hoeveelheid wat gevra word oorskry, wat werkloosheid veroorsaak.
  - D Markewewig sal onmiddellik aanpas sonder impak.

**EKONOMIE**  
**GRAAD 10**  
**RONDE 1 & 2**

**2024**


**VORIGE VRAESTEL**



# EXPLORE OUR

Comprehensive Undergrad  
**ONLINE** Programmes

Your Pathway to Success



Learn More

[www.milpark.ac.za](http://www.milpark.ac.za)

We've got you. You've got this.

**BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE**

- 1 Wat impliseer die basiese ekonomiese probleem van skaarsheid?
  - A Hulpbronne is onbeperk en kan aan alle menslike behoeftes voldoen.
  - B Hulpbronne is beperk en kan nie aan alle menslike behoeftes voldoen nie.
  - C Slegs luukse goedere is skaars aangesien natuurlike goedere nie as skaars geklassifiseer word nie.
  - D Skaarsheid is slegs 'n probleem in ontwikkelende lande.
  
- 2 'n Navorser doen 'n studie oor die bestedingsgewoontes van gesinne in 'n spesifieke stad. Watter metode van data-insameling is die geskikste vir hierdie studie?
  - A Ontleding van historiese ekonomiese gegewens.
  - B Maak aannames gebaseer op persoonlike ervarings.
  - C Die voer van persoonlike onderhoude en voltooiing van vraelyste.
  - D Waarneming van tendense op die aandelemark.
  
- 3 Watter van die volgende is NIE een van die drie basiese ekonomiese vrae nie?
  - A Wat om te produseer?
  - B Hoe om te produseer?
  - C Hoekom om te produseer?
  - D Vir wie om te produseer?
  
- 4 Met inagneming van die produksiefaktore, watter scenario illustreer die gebruik van entrepreneurskap die beste?
  - A 'n Boer gebruik sy grond om organiese groente te kweek.
  - B 'n Maatskappy huur addisionele werknemers gedurende die vakansieseisoen.
  - C 'n Individu begin 'n aanlynonderneming wat handgemaakte produkte verkoop.
  - D 'n Fabriek koop 'n nuwe monterbaanstelsel.
  
- 5 Watter van die volgende stellings beskryf die konsep **geleentheidskoste** die beste?
  - A Dit is die koste van die naasbeste alternatief wat gegee is.
  - B Dit is die totale koste om 'n produk te produseer.
  - C Dit is die koste wat bespaar word deur nie die tweede beste opsie te kies nie.
  - D Dit is die koste van die aankoop van 'n produk.
  
- 6 Die regering besluit om meer hulpbronne aan gesondheidsorg toe te ken. Watter van die volgende illustreer die konsep van geleentheidskoste?
  - A 'n Toename in die gesondheid van die bevolking.
  - B 'n Afname in hulpbronne beskikbaar vir onderwys.
  - C 'n Verbetering in tegnologie wat in hospitale gebruik word.
  - D 'n Vermindering in die nasionale werkloosheidsyfer.

- 7 Gegewe die skaarste aan hulpbronne, hoe kan 'n nuwe ekonomiese beleid maatskaplike welstand maksimeer?
- A Deur uitsluitlik op die vervaardiging van luukse goedere te fokus.
  - B Deur 'n billike verspreiding van hulpbronne tussen alle sektore te verseker.
  - C Deur die meerderheid van binnelands-vervaardigde goedere uit te voer.
  - D Deur luukse goedere in te voer om aan die binnelandse vraag te voldoen.
- 8 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n positiewe ekonomiese stelling?
- A Die regering moet die minimum loon verhoog om lewenstandaarde te verbeter.
  - B Die verlaging van belasting sal die ekonomie bevoordeel.
  - C 'n Toename in verbruikersbesteding lei tot hoër BBP-groei.
  - D Welvaartverspreiding is billiker in 'n progressiewe belastingstelsel.
- 9 Watter van die volgende is hoofsaaklik 'n fokus van makro-ekonomie?
- A Die besluitnemingsproses van individuele huishoudings.
  - B Die gedrag van individuele firmas in 'n mark.
  - C Nasionale werkloosheidsyfers.
  - D Prysbeplanning in 'n enkele mark.

### DIE EKONOMIESE PROBLEEM

- 10 Wat beteken die konsep **skaarste** in ekonomie?
- A Die onvermoë van 'n verbruiker om 'n produk te koop.
  - B Onbeperkte behoeftes van die massas wat beperkte hulpbronne in die gesig staar.
  - C Die verdeling van rykdom onder mense sodat almal ten minste iets het.
  - D Die produksie van goedere en dienste op die mees doeltreffende manier.
- 11 Watter van die volgende verduidelik die geleentheidskoste om te besluit om hierdie Ekonomie Olimpiade te skryf?
- A Die fooie betaalbaar vir die skryf van die Olimpiade.
  - B Die aansien as jy hierdie Olimpiade wen.
  - C Die vrye tyd wat jy prysgegee het vir die skryf van hierdie Olimpiade.
  - D Die kennis wat jy opgedoen het om vir hierdie Olimpiade te leer.
- 12 'n Boer wat die grond besit gebruik 'n trekker om die grond te bewerk. Watter produksiefaktor(e) word NIE in hierdie scenario verteenwoordig nie?
- A Kapitaal en arbeid.
  - B Grond en kapitaal.
  - C Grond en entrepreneurskap.
  - D Nie een nie, aangesien al die bogenoemde gebruik word.

- 13 Met inagneming van die impak van tegnologie op produksie, watter produksiefaktor word **DIREK** beïnvloed deur tegnologiese vooruitgang?
- A Grond
  - B Arbeid
  - C Kapitaal
  - D Entrepreneurskap
- 14 As jy 'n tegnologiemaatskappy sou begin, hoe sou jy die produksiefaktore prioritiseer om maksimum doeltreffendheid en innovasie te verseker?
- A Fokus ewe veel op alle produksiefaktore.
  - B Prioritiseer kapitaal, dan entrepreneurskap, dan arbeid en grond.
  - C Prioritiseer arbeid en grond, dan kapitaal en entrepreneurskap.
  - D Prioritiseer entrepreneurskap, dan kapitaal, grond en arbeid.
- 15 Watter van die volgende is 'n nie-hernubare hulpbron?
- A Sonenergie
  - B Windenergie
  - C Steenkool
  - D Bome
- 16 As 'n land sterk staatmaak op nie-hernubare hulpbronne vir sy energiebehoefes, wat kan 'n onmiddellike aksie wees om sy koolstofvoetspoor te verminder?
- A Verhoog die ontginning van steenkool en aardgas.
  - B Belê in hernubare energiebronne soos son- en windkrag.
  - C Gebruik meer petroleumgebaseerde produkte.
  - D Brei die gebiede uit vir die ontginning van olie.
- 17 Sonlig word gebruik om sonkrag op te wek. Hoe verander hierdie scenario die klassifikasie van sonlig vanuit 'n vrye goedere perspektief?
- A Sonlig bly 'n vrye goed, want dit is volop en nie-uitsluitbaar.
  - B Sonlig word 'n openbare goed omdat dit gebruik word om energie te produseer.
  - C Sonlig word 'n ekonomiese goed in gebiede waar sonkrag ingespan word.
  - D Sonlig se status as 'n vrye goed is onaangeraak, maar die tegnologie om dit te benut is 'n ekonomiese voordeel.

## DIE SIRKELVLOEIDIAGRAM

- 18 Wat is die twee hoofsektore betrokke by die basiese model van die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit?
- A Regering en Internasionale markte.
  - B Huishoudings en firmas.
  - C Finansiële instellings en Markte.
  - D Regering en huishoudings.
- 19 Watter stelling verduidelik die rol van huishoudings in die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit die beste?
- A Huishoudings verskaf arbeid aan firmas en ontvang goedere en dienste in ruil daarvoor.
  - B Huishoudings verskaf goedere en dienste aan firmas in ruil vir lone en salarisse.
  - C Huishoudings ontvang inkomste van firmas in ruil vir die verskaffing van produksiefaktore.
  - D Huishoudings leen geld aan firmas en verdien rente.
- 20 Die regering stel 'n belasting op goedere en dienste in. Wat is die effek op die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit?
- A Dit verhoog die vloei van geld van firmas na huishoudings.
  - B Dit verminder die besteebare inkomste van huishoudings.
  - C Dit skakel die behoefte aan finansiële markte uit.
  - D Dit verhoog die belegging van huishoudings tot firmas.
- 21 Watter van die volgende scenario's toon 'n lekkasie in die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit korrek aan?
- A Huishoudings verhoog verbruiksbesteding.
  - B Firms belê in nuwe tegnologie.
  - C Huishoudings spaar 'n gedeelte van hul inkomste in 'n bank.
  - D Regering verskaf subsidies aan firmas.
- 22 Met inagneming van die impak van internasionale handel op die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit, watter stelling evalueer die effek daarvan akkuraat?
- A Dit bemoeilik die sirkulêre vloei wat wanbalanse in huishoudelike produksie skep.
  - B Dit bevorder die sirkulêre vloei deur meer geleenthede vir uitvoere en invoere te bied.
  - C Dit het geen beduidende impak op die sirkulêre vloei nie, aangesien huishoudelike aktiwiteite onveranderd bly.
  - D Dit ontwrig die sirkulêre vloei deur buitelandse ondernemings bo binnelandse ondernemings te prioritiseer.

- 23 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n duursame goed?
- A Melk
  - B Brood
  - C Yskas
  - D Seep
- 24 'n Maatskappy besluit om 'n nuwe reeks eko-vriendelike skoonmaakprodukte te produseer. Onder watter kategorie goedere word hierdie produklyn geklassifiseer?
- A Duursame goedere.
  - B Nie-duursame goedere.
  - C Kapitaalgoedere.
  - D Luukse goedere.

### KWANTITATIEWE ELEMENTE

- 25 Watter stelling beskryf die verskil tussen BBP en BNP die beste?
- A BBP meet die markwaarde van alle goedere en dienste wat binne 'n land geproduseer word, terwyl BNP die markwaarde meet van alle goedere en dienste wat deur die inwoners van 'n land geproduseer word, ongeag waar dit geproduseer word.
  - B BBP en BNP meet beide die markwaarde van alle goedere en dienste wat in 'n land geproduseer word.
  - C BBP is die totale waarde van goedere en dienste wat deur buitelandse inwoners geproduseer word, terwyl BNP die totale waarde is van goedere en dienste wat binnelands geproduseer word.
  - D Daar is geen verskil tussen BBP en BNP nie.
- 26 'n Japannese motorvervaardiger het 'n fabriek in die Verenigde Koninkryk. Die uitset van die fabriek sal by \_\_\_\_\_
- A beide die Verenigde Koninkryk en Japan se BBP getel word.
  - B beide die Verenigde Koninkryk en Japan se BNP getel word.
  - C Japan se BBP en die Verenigde Koninkryk se BNP getel word.
  - D Japan se BNP en die Verenigde Koninkryk se BBP getel word.
- 27 As die BBP in 2023 R800 miljard was en dit in 2024 tot R1 144 miljard gestyg het, wat was die verandering in BBP van 2023 tot 2024?
- A -30%
  - B 30%
  - C -43%
  - D 43%

## SAKESIKLUSSE

- 28 Wat is 'n sakesiklus?
- A 'n Metode vir ondernemings om hul voorraadsiklusse te voltooi.
  - B Die natuurlike skommeling van die ekonomie tussen periodes van uitbreiding en inkrimping.
  - C 'n Siklus waardeur alle besighede gaan wanneer hulle die eerste keer begin.
  - D 'n Regeringsopgelegde siklus vir die regulering van ondernemings.
- 29 Watter stelling verduidelik die beste waarom sakesiklusse plaasvind?
- A Dit is geheel-en-al onvoorspelbare en ewekansige gebeure sonder enige oorsaak.
  - B Dit kom slegs voor as gevolg van veranderinge in verbruikersvoorkeure.
  - C Dit word veroorsaak deur verskeie faktore, insluitend veranderinge in rentekoerse, verbruikersvertroue en regeringsbeleid.
  - D Dit gebeur omdat besighede besluit om terselfdertyd uit te brei of in te krimp.
